Van der Watt, F
Universiteit van Pretoria

# John Murray (1826-1882) – Eerste professor en voorste pedagoog[1]

**ABSTRACT**

**John Murray (1826-1882) – first professor and fine pedagogue**

John Murray (1826-1882) is in more than one respect *primus inter pares*: in a historic sense, he was the first professor designated at Stellenbosch. He furthermore also served as the first chairperson on the management of "Het Stellenbosch Gymnasium" from which the university would later develop. Apart from being the first professor, his biggest contribution was that of pedagogue. In addition to his part in the establishment of the Stellenbosch Gymnasium a special spin-off from his teaching career was his written work. In his short life he would personally produce 25 books – probably more, because in humility he always wrote under a pseudonym. Apart from religious matters, he also dealt skilfully with a wide variety of other subjects. The fact that he had an appreciative readership is clear from the frequent reprints of his publications, even into the 20th century.

1.

Een van die Skotse predikante wat vroeg in die negentiende eeu na Suid-Afrika gekom het, was ds Andrew Murray wat in 1822 die leraar van Graaff-Reinet geword het.[2] Kort daarna het hy in die huwelik getree met die 16-jarige Maria Stegmann. Die pastorie, vandag as die kultuurhistoriese Reinethuis bewaar, was bestem om 43 jaar lank ds en me Murray se tuiste en die geboorteplek van hulle sestien kinders te wees. Elf van hulle het volwasse leeftyd bereik – ses seuns en vyf dogters. Vyf seuns het predikant geword en vier dogters het met predikante getrou en dit is uit die nageslag van hierdie Murray-familie dat mettertyd digby 'n 200-tal die kansels van die NG Kerk en die sendingvelde van Afrika sou betree sodat tereg na hierdie nasate van die Murray's en die Neethling's en die Hofmeyr's en die Louw's verwys kan word as "'n merkwaardige predikante-familie"![3]

Dit is nie 'n terloopse opmerking nie. Dit dui juis op die kragtige invloed van die Murray-pastorie wat betref die opvoeding en godsdienstige vorming van hul kinders.

'n Puriteinse lewenshouding was skeer en inslag en is voortgeplant in die lewensbeskouing van die kinders.[4] Byvoorbeeld oor sake soos die Sabbat en die gebruik van alkoholiese drank is sterk standpunte gehandhaaf. Die eerbied vir die Naam en Woord van die Here was vanselfsprekend. Die Bybel is getrou gelees en die kinders moes van kleins af versies uit die hoof leer en resiteer. Huisgodsdiens waarin ook kindergebede en die sing van geestelike liedere opgeklink het, was die geleentheid waar ds Murray met sy kinders gepraat het oor én aangedring het op persoonlike geloofsbeslissings. Met vrae soos: *Het jy al jou hart aan Jesus gegee?* Of:

---

1 Van der Watt, P.B. :JOHN MURRAY 1862-1882, Die Eerste Stellenbosse Professor

2 Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 11, p 598v

3 Horn, E. :Murray-Stamregister

4 Du Plessis, J. :Het Leven van Andrew Murray, pp 31-37; Van der Watt :JOHN MURRAY, pp 13-16

*Vandag is dit jou geboortedag, is jy weergebore?* is die kinders aangemoedig om sonder skroom hieroor te gesels.

Selfs die noodsaaklikheid van 'n geestelike herlewing is baie maal in gesprekke aangeraak en die vader sou dikwels pleitend by God aandring om "die uitstorting van die Heilige Gees" en die uitbreiding van Gods koninkryk. Daarmee ook is die kinders se belangstelling vir die sendingsaak gewek. Buitendien was Graaff-Reinet se pastorie die gereelde en gasvrye verblyfplek van sendelinge op hul heen en weer reis na en van die binneland.

Dit was ook in die ouerhuis dat die kinders kennis gemaak het met die leer- en leesboek. Die sorgwekkende onderwystoestande[5] op die verre grense van die Kolonie het meegebring dat ds en me Murray meestal die rol van onderwyser moes vertolk. Daarby is die kinders se kennishorisonne verbreed met allerlei boeke en interessante vertellings van hul vader. Terloops dit was ds Murray wat die inisiatief geneem het in die daarstelling van die dorpsbiblioteek.

Gebeure op die kerklike erf en woelinge aan die politieke front was byna vanselfsprekend ook deel van die huislike gesprekke aangesien ds Murray 'n gesiene leier in die kerk en samelewing was.

2.

Dit is in hierdie pastorie dat John Murray op 15 September 1826 as die oudste kind van die pastoriepaar gebore is.[6] Hy was van kleins af 'n ernstige, teruggetrokke en gereserveerde persoonlikheid, bekend vir sy netjiese voorkoms, asook vir 'n ywerige en metodiese aanpak van sake.

Sy biografiese besonderhede lê verspreid oor 'n wye navorsingsveld. Sy lewensverhaal speel af teen drie wêrelddele: Skotland, Nederland en natuurlik, Suid-Afrika. En dan die vyf plekke: (a) Graaff-Reinet, sy tuisdorp (1826-1838), (b) Aberdeen in Skotland, waar hy skool- en universiteitsopleiding ontvang het (1838-1845), (c) die Nederlandse stad Utrecht, sy teologiese alma mater en sy kennismaking met die studente-vereniging *Sechor Dabar* (1845-1848), (d) Burgersdorp, sy pioniersgemeente (1849-1858) en eventueel (e) Stellenbosch, die werksplek vir die res van sy lewe (1858-1882).[7]

Die swak onderwystoestande het uiteindelik ds Murray se moeilike besluit verhaas om John en sy broer Andrew oorsee te stuur vir verdere skoolopleiding.

John Murray was byna twaalf jaar oud toe hulle gedurende 1838 in die Port Elizabeth se hawe van hul ouers afskeid geneem het. Die verre Aberdeen, aan die koue noord-see van Skotland was die begin van 'n oorsese verblyf, wat elf jaar geduur het!

3.

Die seuns het tuisgaan by hulle oom, dr John Murray, 'n predikant in die Skotse kerk.[8] Hul skoolonderrig was aan die Aberdeen Grammar School, 'n eksklusiewe seunskool. Die kurrikulum met Grieks en Latyn as hoofvakke, was met die oog op universiteitsopleiding. Uitstekende uitslae het meegebring dat die Murray-broers vanaf 1841 tot 1845 studente sou wees aan die plaaslike universiteit met die oog op voorbereidende studie vir die predikantsamp.

Murray se verblyf in Aberdeen was vir sy ontluikende vormingsjare van besondere betekenis

5 Van der Westthuizen, W.S. :Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie, p.217
6 Van der Watt :JOHN MURRAY, p 11
7 Van der Watt, P.B. :PROF JOHN MURRAY (1826-1882) – SY BYDRAE EN BETEKENIS, p 9
8 Thompson, J.B. :The Ministers of the North Free Church, Aberdeen 1843-1908

– ook vir sy latere lewe.[9] *Eerstens* was daar die groot invloed van sy oom. Hy was 'n diep gelowige puritein, 'n begaafde prediker met 'n spiritualiteit wat prakties gestalte gekry het in sendingwerk, armesorg en 'n ywer vir die Sondagskool en die skoolonderrig van die gemeentekinders. Uit navorsing blyk dat John-hulle nie net belangstellende buitestanders was nie, maar entoesiasties meegevoer was in baie van hierdie leraar en sy gemeente se aktiwiteite.

*Tweedens* is John Murray se godsdienstigheid gevoed en versterk deur die "revival"-bewegings, wat omstreeks 1840 begin het en veral verbind was aan die kragtige prediking van William Burns[10] en sy massabyeenkomste, waar mense opgeroep is tot kragdadige bekering. Hy het 'n medewerker gehad in dr John Murray van Aberdeen, wat by menige diens behulpsaam was om honderde soekende siele met raad en leiding te bedien. Ook die jonge John Murray het hierdie "religious excitement" belewe – en by geleentheid selfs die befaamde prediker se toga en Bybel na die dienste gedra! Skugter en meer gereserveerd het hy deur middel van briefwisseling Burns met sy probleme gekonfronteer. En uit hierdie korrespondensie is ook duidelik dat alhoewel die jongeling geworstel het met vrae van twyfel en heilsekerheid, hy tog tot 'n daadwerklike inkeer en oorgawe aan God gekom het. In korrespondensie het ook hulle vader sy blydskap te kenne gegee oor die seuns se gemoeidheid met die opwekkingsdienste. In elk geval, dit sou John Murray bybly en het hom - in latere jare, terug in Suid-Afrika - in dae van geestelike dorheid onder die besef van die wenslikheid van sodanige bewegings gehou.

*Derdens* was daar die verhouding kerk-staat. Anders as die biskoplike Engelse staatskerk was die Skotse kerk presbiteriaans in sy kerkregering, maar die afkondiging van die staat se patronaatsreg het onder meer gemeentes uitgeskakel by die verkiesing van predikante deur dit voortaan in die hande van die owerheid te plaas. *Dít* is as 'n belemmerende faktor in die kerklike ontwikkeling ervaar, en 'n verset van nasionale afmetings het daartoe gelei dat gemeentes onder leiding van ds Thomas Chalmers bande met die gevestigde kerk verbreek het en in 1843 die Free Church gestig het. Hierdie gebeure staan bekend as die *Disruption*[11] en dr John Murray en sy gemeente was deel hiervan. Uiteraard was die twee neefs opgeneem in hierdie gemeentelike spanninge en gebeurlikhede. Gereeld is hul vader ingelig en uitvoerig is oor die vooruitgang van die Vrye Kerk geskrywe. Daardeur is ook hulle eie belangstelling in die kerk-staat verhouding in Suid-Afrika gewek en min sou hulle weet dat beide later betrokke sou wees in die stryd om die NG Kerk van knellende staatsoorheersing te bevry.

Om te herhaal, naas die akademiese opleiding[12] was John Murray se kontak met sy oom en kennismaking met die Revival en Disruption inderdaad vormende invloede op sy denke, lewe en arbeid soos dit prominent aan die lig sou kom - ver van Skotland, in Suid-Afrika!

4.

John Murray en sy broer het na voltooiing van hul studie in Aberdeen na Nederland gegaan vir hul teologiese opleiding. 'n Deurslaggewende faktor daartoe was kultureel van aard: hulle gebruik van die Hollandse taal was heeltemal verroes sodat Nederland weer hierdie taalkennis sou bybring. Ook hul vader het hulle geadviseer om na Utrecht te gaan – omdat dit "goedkoop en aangenaam" was, maar hy waarsku tog teen beskouinge oor teologiese sake "which may startle you" en teen gevare in die studentegemeenskap soos die gebruik van sterk drank en tabak![13]

---

9 Van der Watt :JOHN MURRAY, pp 25-33

10 Burns, I. :Memoir of the Rev. Wm. Burns M.A., Missionary to China from the English Presbyterian Church; Van der Watt :JOHN MURRAY, pp 28-33

11 Burleigh, J.H.S. :A Church History of Scotland, pp 334-370

12 Van der Watt :JOHN MURRAY, pp 38-42

13 Van der Watt; JOHN MURRAY, p. 45

En inderdaad was John Murray nie gelukkig in Nederland nie. Hy sou ervaar dat die kerklike lewe en teologiese opleiding alles behalwe ’n besieling was. Kerkhistoriese studies wys dan ook uit dat die godsdienstige gees van die tyd deurgaans ten opsigte van teologie, kerk en geloofslewe ’n negatiewe tendens vertoon het. Hiervoor was verantwoordelik gisting van teologiese gedagtes, liberale beskouinge en libertynse lewenspraktyke, waardeur menige Suid-Afrikaanse student in ’n worsteling beland het om die behoud van sy geloofsleer en Christelike lewenswandel.[14]

Hoogleraars Bouman (eksegetiese studies), Vinke (dogmatiek en praktiese teologie) en Royaards (kerkreg en kerkgeskiedenis)[15] het die Kaapse studente nie veel inspirasie gebied nie. Daarom sou hulle deur eie inspanning met selfstudie besieling vind in die werke van gereformeerde vaders, die belydenisskrifte en, volgens John Murray, die Institusie van Calvyn.

Gou reeds het hy aan sy vader geskryf oor die noodsaaklikheid van ’n eie teologiese inrigting in Suid-Afrika waar predikante, “katechiseermeesters” en onderwysers opgelei kan word en dat “zo gauw moontlik van Holland” vergeet moes word.[16] Hy wys verder op die skandelike gedrag van selfs teologiese studente, wat die Naam van die Here laster en by geleentheid in ’n beskonke toestand verkeer het.

Gelukkig was daar ook verset teen die liberale tydsgees. Op Nederlandse bodem was die invloedrykste reaksie dié van die Réveil,[17] wat soos aanverwante bewegings in ander lande op beperkte skaal ’n kragtige oplewing in die godsdienstige lewe gebring het met veral klem op die innerlike geloofservaring èn die Christelike lewe.

In Utrecht was dit die teologiese studentevereniging *Sechor Dabar* (Gedenk het Woord – Ps 119:49)[18] wat geheel in die gees van die Réveil en getrou aan Gods Woord ’n “wetenschaplijke gezelschap van godsdienstige studenten” was, wat konkreet naas intensiewe studie hul godsdiens uitgeleef het in praktiese werksaamhede (Christendom) soos Sondagskool, siekebesoek, sendingwerk en bidstondes terwyl die oppervlakkige en bedenklike praktyke van die studentelewe geheel en al vermy is.

In hierdie vereniging het John (óók ander Suid-Afrikaanse studente) hom tuisgevoel. Trouens, hy sou later getuig dat meer as enig iets anders het *Sechor Dabar* sy lewe in Nederland beïnvloed. Dit was ook in hierdie kring van vrome studente dat hy tot volle geloofsversekering gekom het – soos sy tydgenoot Nicolaas Hofmeyr daarna verwys as: “het gewigtige doorgangspunt in zijn godsdienstig leven”. Die Murray-broers sou hierdie vereniging dankbaar onthou as een van “de oefenscholen waar zijn tot hun werk in des Heeren dienst werden toeberei”!

Na drie jaar was die einde van hulle verblyf in Nederland in sig en na aflegging van die eksamens is hulle as proponente tot die evangeliebediening toegelaat.

Die huistoe-gaan was daar! Elf jaar nadat hulle as jong seuns hul ouerhuis en vaderland verlaat het, keer hulle in 1848 terug – nou as jongmanne met intellektuele bekwaamheid en geestelike krag, voorberei vir die lewensroeping in diens van die koninkryk van hul Here.

5.

Dit was in die vroeë winter van 1849 dat John Murray as leraar van die pasgestigte gemeente Burgersdorp bevestig is.[19] As *pastor loci* was daar die gewone ampspligte en vanselfsprekend was

---

14 Hanekom, T.N. :Die Liberale Rigting, p.287

15 Utrechtsche Universiteit 1636-1936, Tweede Deel (1815-1936), p.109

16 Du Plessis, J. :a.w., p.73

17 Kluit, M.E. :Het Réveil in Nederland 1817-1854.

18 Van der Watt, P.B. :”Die Utrechtse Studente-Geselskap Secor-Dabar” in Ned Geref Teologiese Tydskrif, Jan 1975

19 Van der Watt :JOHN MURRAY, p.66

hierdie werksaamhede *veral* in 'n pioniersgemeente veeleisend - by geleentheid moes Murray selfs *gewapend* huisbesoek doen vanweë gevaarlike oosgrens situasies! Hy was 'n geliefde leraar, bekend om sy kragtige prediking en innige vroomheid.

En sy lewe lank was hy student en nêrens so tuis as in sy studeerkamer nie. As plattelandse predikant, so blyk dit uit korrespondensie, het hy veel gelees: "niet alleen theologische boeken en tijdschriften, maar ook andere werken". Hy was gou reeds bekend as die "boekenman" – want die gebrekkige godskennis van die lidmate het hom genoop om sy eerste boeke te skryf, naamlik *De Kinderbijbel* en die *Catechizatie-Boek*.

Meer nog: die kommerwekkende opvoedingspeil onder die mense het hom aangegryp. Vandaar sy moeitevolle, maar suksesvolle ywer om 'n dorpskool asook 'n dorpsbiblioteek opgerig te kry; en as vrug van sy bemoeiing óók die besluit van die 1852-sinode om die *Christelijke Boekvereeniging* op te rig, waardeur boeke teen geringe prys aan lede beskikbaar gestel is.

Juis in sy ywer vir die opvoeding openbaar John Murray toe reeds al 'n ruime blik op die algemene belange van sy kerk en volk – 'n kenmerk ook van sy latere lewenstaak as professor.

In die kerkverband was hy 'n steunpilaar. In ringsaangeleenthede is hy meermale konsulent, ook scriba en voorsitter; en sy prominente aandeel in sinodale sake het geblyk in vele kommissies en as assessor van die 1857-sinode.

6.

En juis op hierdie Sinode van 1857 as pogings misluk het om professore uit Nederland vir die pasgestigte Kweekskool te bekom, was John Murray "terstond de man van ieders keuse", want op 2 November is aangekondig dat hy en ds G.W.A. van der Lingen van die Paarl beroep is as die eerste professore.[20]

Vir die 31-jarige predikant moes dit ongetwyfeld 'n gewigtige oomblik in sy lewe gewees het. Die daarstelling van die Kweekskool waarop hy reeds as student in Nederland gehoop het en waarvoor hy later as predikant geywer het, het nou sy taak geword: professor aan sy kerk se eie teologiese inrigting!

Op die skouers van die jeugdige professore sou 'n moeilike taak rus. Vanselfsprekend was vestigingsprobleme legio terwyl die kerk se verwagtinge swaar op hulle gerus het om leraars te voorsien en sorg te dra vir die suiwerheid van leer en lewe in hierdie opleidingstaak – juis in onstuimige jare wat gekenmerk is deur woelinge op die kerklike erf.[21]

Die twee hoogleraars John Murray en N.J. Hofmeyr (laasgenoemde is aangewys in die plek van Van der Lingen, wat die beroep bedank het) het hulle eerlank op Stellenbosch gevestig en dit was voorwaar 'n feesdag toe die Teologiese Seminarium op 1 November 1859 in die historiese Drosdygebou aan die bo-punt van Dorpstraat, ingewy is.[22]

Alhoewel John Murray op 56-jarige ouderdom oorlede is, het hy 'n markante rol gespeel in die geskiedenis van sy kerk, by name in die vestigingsjare van die Teologiese Kweekskool. Die rede vir hierdie verreikende betekenis moet gesoek word in veral sy innige godsvrug, sy verstandelike vermoëns en sy konsensieuse pligsbesef.

Gebore en opgevoed in 'n besondere godvresende huis moet Murray onthou word vir sy vrome lewenswandel. As jongeling in die verre Skotland sou sy geloofsoortuigings helder deurklink in baie van sy briewe aan die ouerhuis. Sy voorbeeldige lewe in die studentegemeenskap van Utrecht te midde van liberale beskouinge en libertynse praktyke het sy godsvrug onderstreep. Later as predikant was sy ampsbediening en optrede met vroomheid versier. En as professor was

20 Acta Synodi – 1857, Kerkargief, pp 138 en 879.

21 Ferreira, I.L. :Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963, p 34

22 Gedenkschrift van de Inwijding van het Theologisch Seminarium; Ferreira,I.L. :a.w., pp 60-61.

hy 'n toonbeeld van die besondere lewensfilosofie wat hy aan teologiese studente voorgehou het: *Godgeleerdheid nooit ten koste van Godsaligheid nie*! Reeds by die opening van die Kweekskool pleit hy by die studente dat naas verstandelike vorming moet daar ook wees "waarachtige godsvrucht, opregte liefde tot de Verlosser, eene ootmoedige begeerte om het eeuwige heil van medemenschen te bevorderen". Die professor se eie lewe het gestaan in die teken van hierdie besielende wekroep – en só is deur sy persoon en arbeid 'n tradisie die profeteskool ingedra wat nooit anders mag wees nie.

Ongetwyfeld was hy in 'n ruim mate bedeeld met 'n goeie verstand. Sy uitstaande studieloopbaan in die buiteland het neerslag gevind in 'n vrugbare bediening in die pioniersgemeente asook bydraes tot die werksaamhede van die kerkverband.

As dosent het hy inderdaad 'n akademiese inslag gehad, waarin sy deeglike kennis van Latyn – ook as spreektaal! - en die oorspronklike tale van die Bybel opvallend was. Sy studieprogram, sy geskrifte en sy doseerwerk teken 'n behendige akademikus en dat hy die teologiese wetenskap verstaan het, blyk uit sy rede[23] by die opening van die Kweekskool, waar hy onder meer die ensiklopediese samehang en inhoud van die teologiese vakke verduidelik het. Hy beskryf dit as die wetenskap omtrent God, alleen maar geput uit die Christelike openbaring, wat gegee is in die Heilige Skrif, maar veral in die Woord wat vlees geword het. Hy het ook beklemtoon dat die godgeleerdheid aanrakingspunte het met alle „menschelijke wetenskappe", want oral word iets verneem van God se openbaring – "Overal ziet zij Gods hand, hoort zij Gods spraak"! Hy twyfel nie daaraan dat die hoogste doel wat in die teologiese beoefening van die seminarium nagejaag moet word, moet wees om inderdaad predikante te vorm èn dat daar ook "kwekelingen" sal wees wat hulleself sal aanbied om die Naam van Christus te dra na die heidene "in ver verwyderde deelen van Afrka".

Hy self was verantwoordelik vir die Ou-Testamentiese studies, Dogmatiek en Dogmengeskiedenis. As professor was hy deeglik en het gou die agting van sy studente verdien.[24] Die wyse waarop hy Dogmatiek beheer het, het getuig van diepgaande kennis. So kon 'n eertydse student en latere kollega, prof J.I. Marais, getuig: "Zijn groote geleerdheid, zijn zeldzame belezenheid straalde in alles door. Uit een rijke schat van kennis kon hy putten. In korte, kernachtige volzinnen kon hij soms samevatten wat over boekdelen verspreid lag. Hj leerden ons denken. Een enkele woord was soms genoeg om licht te werpen op duisteren plaatsen in Schrift of leerstelsel".[25]

Saam met sy kollega was hy ook verantwoordelik vir Homiletiek. Opvallend was die erns van beide Murray en Hofmeyr, bekend as besondere begaafde predikers, om die studente hierin nie net 'n voorbeeld te wees nie, maar ook deeglik af te rig en die vinger te lê op "gebreken der Evangelieprediking", soos Murray dit gestel het. Vir hom is daar verskeie hindernisse in die prediking wat sukses weerhou soos onder meer gebrekkige insig in die Woord, floue roepingsbewustheid, geringe verwagtinge by die prediker, en 'n onheilige lewe! Inderdaad gesagvolle voorvereistes wat in ons dag nog geldig moet wees.

In sy eie bediening het die prediking besondere aandag gekry, maar dit was as professor dat John Murray gehuldig as "een volksprediker".[26] Hy het groot nadruk gelê op die heilswaarhede van wedergeboorte, bekering en heiligmaking. En dit is allesins te verklaar in die lig van sy persoonlike ervaring van opwekkingpredikers soos William Burns en andere.

Opwekkings- of herlewingsdienste was dan ook 'n verskynsel in Suid-Afrika.[27] Die indruk van verstarde godsdienstigheid by baie lidmate en 'n lusteloosheid in gemeentelike bedrywighede

---

23 Van der Watt :JOHN MURRAY, pp.106-109

24 Ferreira, I.L. :a.w., p.187

25 De Christen, 5 Jan 1883

26 De Zuid-Afrikaan, 30 Des 1882

27 Van der Watt :JOHN MURRAY, pp.151vv

het meermale ernstige leraars na die warmte van 'n deurleefde geloof laat vra. Hierdie verlange staan ook gereflekteer in die *Staat van Godsdiens*-verslae van die gemeente Burgersdorp: in Murray se eie handskrif lees ons van 'n verlange na "herleving en bloei" en "om eener toenemende zegen van Gods Heilige Geest".

En as daar inderdaad opwekkingsgebeure in baie gemeentes gedurende die sestiger- en sewentigerjare voorkom, is dit prof Murray wat veral wys op die noodsaaklikheid van gebed ter voorbereiding van herlewing en sy boeke oor gebed en die biduur die lig laat sien. Maar by Murray is dit ook te waardeer dat waar dit soms al te los en uitspattig in sulke opwekkingsbyeenkomste gegaan het, het hy 'n gedissiplineerde waaksaamheid en verantwoordelikheid aan die dag lê. Nog kort voor sy dood, tydens 'n konferensie te Worcester in 1880 oor die tema *De Doop des Geestes* vermaan hy sy hoorders ernstig "oor de aandoeningen van een opgewekt gevoel, die zullen weldra voorbijgaan". Sy prinsipiële siening is duidelik as hy pleit om meer kennis van God en sy genadewerk: "hoe meer wij wisten wat de Heilige Geest voor ons doen wilde, des te eerder zouden wij komen om door het geloof te ontvangen wat Hij voor ons wezen wilde".

Mens sou hom seker nie as 'n oorspronklike denker, die vader van 'n nuwe rigting, kon bestempel nie. Tog het hy niemand nagepraat nie en sy doseer- sowel as skriftelike arbeid was die resultaat van eie ondersoek, nadenke en belewing.

So bekwaam soos Murray was, net so nederig was hy ook – veral oor sy akademiese bydrae. In 1870 het sy Skotse alma mater, die Universiteit van Aberdeen, hom 'n ere-doktorsgraad in die teologie aangebied, maar prof Murray het dit van die hand gewys omdat hy geoordeel het dat hy geen teologiese werk geskryf het wat hom só 'n titel waardig gemaak het nie![28]

In teenstelling met sy eie oordeel bly dit tog waar dat hy saam met sy kollega N.J. Hofmeyr op vaderlands bodem die eerste fondamente gelê het vir die beoefening van 'n selfstandige teologiese wetenskap, waarin die gesag van die Bybel en die belydenisskrifte van die kerk onaantasbaar was. Vanselfsprekend moet mens aanvaar dat die teologiese kursus waarvoor daar altyd nuwe gedagtes na vore kom, dan ook later dikwels gewysig is en vaster vorm aangeneem het na gelang van die ideale om die studente met 'n deeglike teologiese kennis toe te rus vir die bediening in die NG Kerk.

In die breë kerklike lewe speel Murray ook 'n beduidende rol. Naas sy gewildheid as prediker in baie gemeentes èn spreker by talle geestelike konferensies, was dit duidelik dat die Sinode sy insig en ervaring tot diens van die kerk wou aanwend. Hy dien onder meer in die Sinodale Sendingkommissie, dié van Opvoeding en Onderwys; en was lid van *Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond*, 'n ekumeniese liggaam waarin kerke en leraars in groot getalle meegedoen het.[29]

Ook oor maatskaplike sake het Murray (en sy kollegas) meermale hulle stem laat hoor - veral oor twee gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot hewige stryd en spanning in kerk en samelewing, naamlik die versetbeweging teen Sondagstreine en die afskaffingstryd.[30]

En op die stormagtige sinodes van die sestigerjare met die kerkreg en die belydenis van die kerk in die spervuur was die standpunte van proff Murray en Hofmeyr 'n onderskraging vir die kerklike leidsliede wat hierdie liberale aanslae die hoof moes bied. Terloops, die hofuitspraak in die Loedolffsaak van 1862 het meegebring dat ook die twee professore saam met die Transgariepse afgevaardigdes die sinodesaal moes verlaat. Onwillekeurig moes John Murray teruggedink het aan die *Disruption* in Skotland toe predikante die kerk verlaat het om die *Free Church* te stig – daartoe geforseer ook deur 'n owerheidreëling![31]

---

28 Van der Watt : JOHN MURRAY, pp178v

29 Van Der Watt : JOHN MURRAY, pp148v

30 Kitshoff, M.C. :GOTTLIEB WILHELM ANTONY VAN DER LINGEN. Kaapse predikant uit die negentiende eeu, pp 172-198; Van der Watt: JOHN MURRAY, p 161

31 Van der Watt, P. B.:Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde kerk 1652-1962. Vgl Van der

7.

By meer as een geleentheid en in talle geskrifte is die geskiedenis van die onderwys en hoër onderwysinstellings van Stellenbosch, beskrywe. Dit kan ook nie anders nie, want Stellenbosch is vandag 'n opvoedkundige en kulturele sentrum by uitnemendheid. En in hierdie annale staan opgeteken 'n mooi verhaal van die belangrike bydrae wat John Murray tot die vestiging van onderwysinrigtings in die Eikestad gelewer het.

In meer as een opsig is John Murray *primus inter pares*: histories beoordeel, beklee hy in akademiese rangorde aan hierdie universiteitstad die *voorste* plek aangesien hy met sy benoeming die eerste hoogleraar op Stellenbosch was, maar dan was hy ook 'n *voorste* pedagoog.

Myns insiens lê in die saak van onderwys en opvoeding dalk sy grootste en blywendste bydrae.

In die Stellenbosch van destyds is Murray onthou as een van die bekende driemanskap. Die ander twee was sy kollega Nicolaas Hofmeyr, en sy swaer Jan Neethling, die plaaslike predikant. Die benaming "driemanskap" was 'n eretitel[32] – 'n verwysing na die drie jongmanne se buitengewone ywer in belang van opvoeding en onderwys op hulle dorp. Die verhaal van hulle sukses het vir Stellenbosch, maar ook vir die hele Suid-Afrika van die grootste belang geword.

Juis die bestaan van die Teologiese Seminarium was 'n belangrike spoorslag op die pad tot meer gevorderde onderwys. Die driemanskap het nie net die behoefte aan beter inrigtings vir die jeug aangevoel nie, maar het ook die belange van die Kweekskool voorop gehad – voornemende studente moes ten minste deeglik voorberei word vir toelating tot die seminarium.

Dit was ds Neethling wat die saak prakties sou benader. Die reaksie op waarborglyste wat onder sy gemeentelede versprei is, het die gewenste resultate opgelewer, want spoedig was daar heelwat intekenaars wat hulself verbind het tot finansiële bydraes vir die beoogde inrigting. Hierdie en ander pogings het daartoe gelei dat eerlank in De Oude Leeskamer, regoor die Kweekskool *Het Stellenbosch Gymnasium* gestig is en wat gedurende 1866 amptelik geopen is. 'n Bestuur is aangewys met John Murray in die voorsitterstoel – 'n amp wat hy sou beklee tot met sy heengaan in 1882. Dit was die voorloper van die latere Victoria Kollege,[33] waaruit by wyse van wetgewing in 1916 die Universiteit van Stellenbosch gegroei het. Murray se groot aandeel aan die onderwyssaak op Stellenbosch word onder meer gedenk in die naam van een van die bekendste manskoshuise in die land, te wete John Murray-huis oftewel Dagbreek!

Volledigheidshalwe moet genoem word dat nie net wat die Teologiese Kweekskool en die Stellenbosch Gymnasium betref nie, maar ook by die ontstaansgeskiedenis van die bekende Bloemhof-Meisieskool gedurende 1875 Murray betrokke was. Die stigters Jan Neethling en Nicolaas Hofmeyr het vanselfsprekend John Murray as simpatieke medewerker gehad – en tot sy dood toe sou hy op die beheerraad dien.[34]

Ja, onderwys as sodanig was vir hierdie professor altyd van die grootste belang. Naas sy aandeel in die teologiese opleiding van studente en sy ywer vir onderwys en hoër onderwys op Stellenbosch, was ook die onderrig van sy volksgenote vir Murray 'n prioriteit. Die lae opvoedkundige peil van sy mense, maar veral dié van hul kinders vanweë gebrekkige onderwysfasiliteite, en saam as gevolg daarvan, die godsdienstige agteruitgang het hom bekommerd gelaat.[35]

---

Watt :JOHN MURRAY, p157 ,

32 Van der Watt :JOHN MURRAY, p 120

33 Gedenkboek van het Victoria-Kollege, pp 40; Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys; Venter G.S. :Hoër Onderwys op Stellenbosch 1859-1918

34 Joubert, J.J.F. :Geskiedenis van Bloemhof, 1875-1945

35 Van der Watt :JOHN MURRAY, p129

Sy toespraak "De bevordering van Christelijke kennis" tydens 'n Christelike konferensie te Riversdal in 1864 teken sy verlange om vooruitgang en welvaart in Suid-Afrika te sien, onder meer deur die bekamping van onkunde en die verskaffing van kennis. Hy is erg besorgd oor die heersende toestand van agterlikheid as gevolg van 'n algemene gebrek aan kennis, wat hoogs nadelig is ook vir die Christelike lewe. Sorgwekkend vir hom was die gebrek aan *lees* én *leesstof* in gegoede wonings om nie eers te praat van die wydverspreide bevolking van Suid-Afrika nie.

En as hy twaalf jaar later die Broederlike Onderhoud op die Sinode (1876) lei, het hy dit weereens oor "Godsdienst en Onderwijs". Opnuut beklemtoon hy die noodsaaklikheid van boeke en koerante, hy wys op die sleutel-posisie wat onderwysers in die opvoedingstaak het, en doen 'n beroep op predikante om die boek en tydskrif tot die maksimum te gebruik, want as leiers in die gemeenskap word dit van hulle verwag.

Murray se bydrae sou egter veral na vore kom in sy skriftelike nalatenskap. Dit is myns insiens die belangrikste uitloper van sy lewenstaak.[36]

Hyself het met 'n vaardige pen ingespring en sy teologiese kennis en lewenswysheid op baie bevatlike wyse tot beskikking van sy mense gestel. Reeds as predikant, maar dan veral as professor was hy in hierdie opsig bedrywig. Hy het ongetwyfeld 'n omvattende kennis ten toon gestel en behalwe oor godsdienstige sake skryf hy oor wyd uiteenlopende onderwerpe, wat op 'n gemaklike trant, heel eenvoudig en onderhoudend aan die orde gestel is.

En dat hy 'n waarderende leserskring gehad het, is bewys deur die talle herdrukke wat sy boeke beleef het. Om met 'n enkele voorbeeld te volstaan: *Het Volksleesboek* het in 1868 die lig gesien, verskeie herdrukke beleef en in 1948 verskyn die soveelste Afrikaanse vertaling onder die titel *Volksleesboek vir oud en jonk*.[37]

Dit was voorwaar 'n *multum in parvo* as die ensiklopediese inhoud van 468 bladsye betrag word. In die afdeling Geskiedenis verskyn 'n verskeidenheid van lesse oor byvoorbeeld Luther, die Franse Hugenote, Slagtersnek en Piet Retief; in 49 lesse word in die Aardrykskunde-gedeelte baie lande aan die leser bekend gestel, waaronder ook Suid-Afrikaanse streke en vele dorpe; in die Sterrekunde-afdeling word gehandel oor die jaargetye, sons- en maansverduistering en die sterrehemel; die afdeling Natuurkunde handel oor diere, plante en minerale en met interessante mededelings oor vuurspuwende berge, die beginsel van die lugbal, die stoomskip, die termometer, die waterpomp; en dan is daar nog 'n hele aantal verhale, fabels, liedere en gedigte, raaisels en spreekwoorde in die boek opgeneem.

Dit was daarom nie vreemd om te lees dat hierdie publikasie in Transvaalse- en Vrystaatse skole gebruik is nie èn dat Anna de Villiers in haar studie *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika*[38] noem dat hierdie Volksleesboek jarelank die vernaamste leesboek van Suid-Afrika was en wat 'n groot rol in die opvoeding van die Afrikanervolk gespeel het!

Ook is dit opmerklik dat ondanks sy Engelse agtergrond en dat hy in Engels gekorrespondeer het, skryf Murray in Nederlands, met 'n duidelik pleit vir die Kaaps-Hollands wat so ingeklee is dat dit grens aan die Afrikaanse spreektaal. So sterk het hy oor die taal gevoel dat in 1875, die stigtingsjaar van Die Genootskap van Regte Afrikaners,[39] uit sy hand verskyn het 'n soort van Afrikaanse "grammatika": *HET AFRIKAANSCHE SPEL- EN LEES-BOEK – "waarin het spellen en lezen gemakkelijk worden gemaakt voor Afrikaansche Kinderen. Vooral voor Huiselijke Gebruik"*!

Murray word ook as pedagoog gehuldig deur prof Dawid de Villiers, 'n eertydse

36 Van der Watt :JOHN MURRAY, pp128-139; Du Toit, John Murray (dr) :John Murray as godsdienspedagoog

37 Du Toit :a.w., pp. 85-102

38 Opgeneem in die Annale Van Die Universiteit van Stellenbosch, 1936, p157

39 Vreemd genoeg word hierdie werkie nêrens vermeld in die geskiedenisboeke van die eerste Taalbeweging nie.

Kweekskooldosent. In sy proefskrif oor die kategese loof hy John Murray as kategeet en tipeer sy dienstyd as jare van oplewing en hernieude belangstelling in die godsdiensonderwys en kategese.[40]

Twee werke[41] in dié verband moet genoem word. Voorop ’n boek wat ook in Holland gebruik is en in ons land altyd weer herdruk is, naamlik *DE KINDERBIJBEL*. Dit was ongetwyfeld sy gewildste boek – teen 1884 is reeds ’n oplaag van 40 000 verkoop. Persone soos prof N.J. Brummer, prop F.J. Liebenberg en ds H.P.M. Steyn sou elkeen sorg vir ’n Afrikaanse vertaling. Wie die inhoudsopgawe onder oë het, sal merk dat in 160 goed-geordende hoofstukke met die tersaaklike vrae en antwoorde die hele Bybel in groot detail weergegee word.

As hierdie boek sy *gewildste* was, was daar nog ’n publikasie wat, veral vanweë die gebruik daarvan deur derduisende oor die jare heen, sekerlik as sy *bekendste* gereken kan word, naamlik die *CATECHIZATIE-BOEK*. Dit het 37 uitgawes beleef – in 1925 verskyn die eerste Afrikaanse vertaling en die aanvraag is aangehelp deur herhaalde sinodale besluite wat dit as gebruik by gemeentes aanbeveel het.

Om n volledige lys van Murray se publikasies op te stel, is bykans ’n onbegonne saak. Die taak word bemoeilik deurdat hy ’n uiters beskeie persoonlikheid was – hy het nooit onder sy eie naam geskryf nie. Skuilname soos “V.D.M” en “Clerus” word gebruik en in ’n brief aan ds J.H. Neethling maak hy melding van ’n aantal artikels in *De Gereformeerde Kerkbode* “anders ondertekend”! Sy boeke het verskyn as geskrywe “Door een Predikant/Leeraar”.[42]

Deur middel van resensies, advertensies, kopieregte kon die outeurskap van baie artikels en ander geskrifte aan sy naam gekoppel word, maar baie het tog onbekend gebly. Byvoorbeeld in ‘n boekelys van die uitgewer J.C. Juta word in 1885 melding gemaak van twee werkies *Avondsmaalboekje* en *Stem des Hart,* waarvan niemand blykbaar geweet het nie. In elk geval, in ’n verdienstelike studie het sy kleinseun, dr John Murray du Toit, moeite gedoen om sover moontlik ’n volledige register van sy boeke saam te stel en kon hy van 25, wat talle herdrukke beleef het, rekenskap gee.

Hierdie omvangryke skriftelike arbeid van Murray kan in vier kategorieë verdeel word: (1) kultuur-historiese publikasies, (2) kategetiese handleidings, (3) praktiese-godsdienstige bydraes (bv dagboeke en gebedeboekies), en (4) homiletiese preekbundels, wat getuienis is van sy eie kanselwerk, godsvrug en vroomheid.

Ook was hy betrokke in die redaksie van *ELPIS*, wat staatkundige, kerklike en letterkundige onderwerpe aan die orde stel en hy lewer gereeld bydraes vir *De Gereformeerde Kerkbode* en ds Neethling se godsdienstige maandblad *De Wekker.* En soos aangedui is, het Murray die inisiatief geneem vir die daarstelling van die *Christelijke Boekvereeniging* vir volwassenes, waardeur die opvoedingspeil in die algemeen verhoog én daarmee saam die godsdienstige lewe bevorder sou word. Naas hierdie boeke en talle artikels, is daar nog talle traktaatjies vir die S.A. Bybelvereniging; en vir koerante was dit nie maar net bydraes van kerklik-godsdienstige aard nie, maar ook oor maatskaplike en staatkundige sake.[43]

Murray se letterkundige arbeid was geen bysaak nie, maar staan in noue verband met sy werk as dosent. Wat die formele inkleding van sy oorwegend godsdienstige geskrifte betref, was Murray die pedagoog met ’n didaktiese benadering, maar wat die inhoud betref, is dit teologiese van aard: hy wou die lesers die Bybel en die Christelike leer en lewe beter laat verstaan. Sy geskrifte is dus van besondere geskiedkundige belang as pionierspogings om ook uit die Afrikaanse bodem ’n teologiese literatuur uit te bou.

---

40 De Villiers, D.W. :Die Kategese in die Ned .Geref .Kerk in Suid-Afrika, p. 333

41 Van der Watt :JOHN MURRAY, pp. 133-135

42 Van der Watt :JOHN MURRAY, p.130

43 Van der Watt :JOHN MURRAY, pp. 155, 159

8.

*Eerste professor* en *voorste pedagoog*! John Murray het wel nie die eindpunt gesien van die ontwikkelingsweg waarop hy saam met Stellenbosch vir bykans 'n kwarteeu gewandel het nie. Maar die koers wat hy as teoloog en pedagoog help aanwys het en die vordering daarop gemaak nog in sy kort lewe, sou hom ongetwyfeld moed gegee vir wat nog voor was by sy vroegtydige heengaan. Met die jeug en hul opvoeding so na aan sy hart sou hy in elk geval seker selde aan 'n eindpunt gedink het!

**BRONNELYS**


Acta Synodi – 1957

Burleigh, J.H.S. :*A Church History of Scotland* (London 1961)

Burns, I. :*Memoir of the Rev, Wm. C. Burns M.A., Missionary to China from the English Presbyterian Church* (London 1870)

De Villiers, A. J. D. :*Die Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika* (Annale van die Universiteit van Stellenbosch 1936):

De Villiers, D.W. :*Die Kategese in die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika* (geen plek, geen datum)

*De Christen,* 5 Jan 1883

*De Zuid-Afrikaan*, 30 Des 1882

Du Plessis, J :*Het Leven van Andrew Murray* ( Kaapstad, 1920)

Du Toit, J.M. :*John Murray as Godsdienspedagoog* (ongepub. M.Ed-verhandeling, P.U.vir C.H.O. 1955):

Ferreira, I.L. :*Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963* (Ongepub. D.Th.-proefskrif, U.S., 1972)

*Gedenkboek van het Victoria-Kollege* (kaapstad 1918)

*Gedenkschrift van de Inwijding van het Theologische Seminarium* (Kaapstad 1859)

Hanekom, T. N. :*Die Liberale Rigting in Suid-Afrika. 'n Kerk-historiese studie* (Kaapstad, 1951)

Horn, E :*Murray-Stamregister 1794-1954* (Elsiesrivier 1956)

Joubert, J.F.F. :*Geskiedenis van Bloemhof 1875-1945* (Ongepub. M.Ed.-verhandeling, U.S., 1945)

Kitshoff, M.C. :*Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen. Kaapse predikant uit die negentiende eeu* (Groningen 1972)

Kluit, M.E. : *Het Réveil in Nederland 1817-1854* (Amsterdam 1936)

*Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys* (Kaapstad 1966)

*Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 2* (Kaapstad 1972)

Thompson, J.B. :*The Ministers of the North Free Church, Aberdeen 1843-1908. Some biographical notes* (Aberdeen 1908)

*Utrechtsche Universiteit 1636-1936*, *Tweede Deel 1815-1936* (Utrecht 1936

Van der Watt, P.B.:J*OHN MURRAY 1826-1882 Die Eerste Stellenbosse Professor,* (Pretoria 1979)

Van der Watt, P.B.:*„Die Utrechtse Studente-Geselskap Secor-Dabar"* (Stellenbosse Teologiese Studies, Jan 1975)

Van der Watt, P.B.:*"Prof. JOHN MURRAY (1826-1882) – sy bydrae en betekenis"* (Stellenbosse Teologiese studies, Feb 1983)

Van der Westhuizen, W.S. :*Onderwys onder die Algemene Skoolkomissie. Die periode 1804-1839 (*Argiefjaarboek vir S.A Geskiedenis,1953,11)€

Venter, G.S. :*Hoër Onderwys op Stellenbosch* (Ongepub. D.Ed.-proefskrif, U.S., 1967)



**TREFWOORDE**
John Murray
Teologiese Seminarium
Eerste professor
Eerste Professor
Stellenbosch Gimnasium

**KEY WORDS**
John Murray
Theologocal Seminary
First Professor
Pedagogue
Stellenbosch Gymnasium